CONDITIONS OF PLAY FOR BOLAND INTER DISTRICTS

1 Spanne

Weskus, Overberg en Wynland word elk deur 4 mansspanne en 4 damesspanne verteenwoordig.
Mans en dames neem afsonderlik deel.
Spanbestuurders voltooi die klaringsvorm 30 minute voor aanvang van eerste rondte.

2 Wedstryde

Twee proefkoppe word toegelaat per wedstryd.
Twee wedstryde van 21 koppe elk sal gespeel word
Wedstryde word verdeel in 3 stelle van 7 koppe elk
Elke baan loot afsonderlik om te besluit wie op die eerste kop eerste sal speel, maar die wenner van die vorige stel moet die mat vat vir die begin van die volgende stel. Indien die stel gelykop was moet die wenner van die vorige kop die mat neem.
Gebrande koppe word oorgespeel

3 Punte

1 Punt vir die span wat die stel gewen het
2 Punte vir die span wat die wedstryd gewen het
Indien stel of wedstryd gelykop is, word die beskikbare punte verdeel.

4 Spel onderbreking

Indien spel agv slegte weer of lig onderbreek of gestaak moet word sal stelpunte slegs toegeken word vir voltooide stelle en wedstrydpunte slegs toegeken indien meer as 15 koppe voltooi is.
Alle voltooide koppe sal tel vir bepaling van die wenner.

5 Beheerliggaam

Die beheerliggaam sal bestaan uit die voorsitter van elke distrik en President van Boland Rolbal

6 Baantoekenning

Geldig vir mans en dames
Rondte 1
Overberg - bane 1, 2, 3, 4
Weskus -bane 3, 4, 5, 6
Wynland - bane 1 ,2 ,5, 6
Rondte 2
Overberg - bane 1 ,2 ,5, 6
Weskus -bane 3, 4, 5, 6
Wynland - bane 1, 2, 3, 4